Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*IAFRHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   AFDELING A: Opstel (50 punte)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50 punte)

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.

3. Beantwoord TWEE vrae uit AFDELING B.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ sleutelwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke teks van 'n gepaste titel/opskrif.

   **LET WEL:** Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 **Toe val my hele afspraak plat!** **[50]**

**OF**

1.2 Daar's oomblikke in ons lewe wat uitstaan en ons lank bybly. Beskryf hierdie oomblikke en hoe jy daaroor gevoel het. **[50]**

**OF**

1.3 **As die lewe druk, weet ek waarheen om my toevlug te neem ...** **[50]**

**OF**


1.4 *Werkloosheid is die kernprobleem in Suid-Afrika en baie ander probleme spruit daaruit.* **[50]**

**OF**

1.5 Ek wil van rigting verander en saam met die kitaarman loop tot doer waar ek nie kan sien nie …
[Lisa de Waal] **[50]**

**OF**

1.6 1.6.1




[Bron: www.crystalgraphics.com]

**[50]**

**OF**

1.6.2



[Bron: www.clipar.com]

**[50]**

**OF**

1.6.3



[Bron: www.clipart.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180-200 woorde elk.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Elektrisiteit: maandelikse bedrag al hoe hoër!

Skryf ŉ FORMELE BRIEF aan die munisipaliteit in jou dorp waarin jy jou ontevredenheid uitspreek en wenke aan die hand doen om buitensporige hoë rekeninge hok te slaan. **[25]**

**OF**

2.2 **INFORMELE TOESPRAAK**

Hup
vir jou selfbeeld!
Hou op tob oor wat ander mense dink of sê.
Leer om kritiek te ontleed, behou die goeie ...
en wees jou eie mens.

Skryf ŉ INFORMELE TOESPRAAK vir ŉ groep tieners oor hoe hulle hul selfbeeld kan verbeter. **[25]**

**OF**

2.3 **ONDERHOUD**

Jy is ŉ sportjoernalis vir jou skoolkoerant wat ŉ onderhoud met ŉ atleet voer nadat hy/sy vir die nasionale skolespan gekies is.

Skryf die ONDERHOUD neer wat tussen jou en die atleet plaasgevind het. **[25]**

**OF**

2.4 **RESENSIE**

In *Sarie* van Julie 2013 skryf die fliekkenner, Leon van Nierop, ŉ resensie onder die volgende opskrif:

Die lekkerste fliek oor vriendskap

Skryf nou ŉ RESENSIE oor enige rolprent of DVD wat by die opskrif pas. **[25]**

**OF**

Kopiereg voorbehou 

2.5 **DEKBRIEF EN CV**

Jy stel belang in EEN van die volgende deeltydse betrekkings by die volgende instansies:

- Tiengelieng Dagsorg vir kleuters
- Swannie se insleepdiens
- Paganini's Restaurant

Skryf nou 'n dekbrief en 'n CV vir die pos. **[25]**

**OF**

2.6 **INFORMELE BRIEF AAN DIE PERS**

In 'n bekende Afrikaanse koerant het die volgende opskrif verskyn:

> Pasop vir slaan!
>
> Dis al vir jare onwettig om kinders by die skool pak te gee en as die regering sy sin kry en die Kinderwet verander, sal jy nie meer jou kind by die huis kan tug nie.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan die pers waarin jy op hierdie opskrif reageer. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B (2 x 25): 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou